

12 Januarie

Skrifgedeelte: Levitikus 17 (oAV)

Fokusgedeelte: Levitikus 17:1-9

Daar is maar een God

Dit wat mense “godsdiens” noem is tog nie altyd “Gods-diens” nie. By verskeie gebeurtenisse sien mens Boediste, Moslems, Afrika-godsdiensstiges, animiste en selfs ook Christene saam optree, saam “bid” asof daar geen verskil is tot Wie hulle nader nie.

Israel het op sy trek deur die woestyn met dieselfde probleem te doen gekry en sou later in Kanaän nog meer daarmee te doen kry. Hulle was omring deur baie heidense “godsdiensste” wat soms só aantreklik vir hulle was dat hulle self ook aan hulle godsdienspraktyke deelgeneem het. Natuurlik het hulle “by geleentheid” ook wel na die tabernakel of tempel gegaan met ‘n offer aan die Here, maar hulle wou ook maar rekening hou met ander magte.

En dit is juis wat God ten sterkste wil verhoed. Hy alleen is God! Hy is heilig jaloers (Eks 20:5). Daarom wil Hy alleen gedien word en Hy wil slegs op een manier gedien word – volgens sy Wet en sy Woord!

In die tweede deel van ons hoofstuk word die verbod om bloed te eet uitgelig. Bloed is beskou as die bron van lewe. Lewe behoort aan die Here. Hy gee die lewe en Hy neem dit weer. Daarom mag daar geen bloedvergieting, moord of doodslag wees nie. Maar daarom geld ook: geen bloed mag geëet word nie! Die heidense nasies – en ons sien dit in ons vasteland nog steeds plaasvind – het nog steeds die gebruik om offers van diere en selfs van mense te bring. Dan moet van die bloed gedrink word, voorwerpe of mense moet daarmee besprinkel of gewas word om sodoende die krag wat in so ‘n dier of mens was jou eie te maak. Tot watter dieptes sink mens tog nie as jy jou wegkeer van die lewendige God!

Sing: Skrifberyming 26:1,2,11 Ds LH Stavast (Emeritus)